Downloaded from Stanmorephysics.com

GAUTENG PROVINCE

EDUCATION

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE-EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2026

## AFRIKAANS
## EERSTE ADDISIONELE TAAL

## (VRAESTEL 1)

Stanmorephysics.com

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

C2021A

X05

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 80

**15 bladsye**

Downloaded from Stanmorephysics.com



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 20 minute
   AFDELING C: 50 minute




9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com



**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

## MEER AS NET ...



1 Is hy platsak en verplig om by 'n slaghuis te gaan raap en skraap? Aikona, die akteur Alfred Ntombela, oftewel Shorty, floreer en ryg die geleenthede as bemarker en akteur in.

2 Daar staan die kort man netjies in die video met 'n glimlag en 'n hoed op sy kop. Hy help kliënte om vleis in hulle trollies en mandjies te pak. Sodra die tevrede kliënt met sy inkopiesakkie by die deur van die slaghuis uitloop, hoor jy daai bekende laggie.

3 Die man is niemand anders as die akteur Alfred Ntombela, Shorty van Leon Schuster se flieks nie. En dié video en ander van hom waar hy in 'n slaghuis werk, het die afgelope tyd miljoene mense se aandag getrek.

4 Mense wonder oor wat van Shorty geword het. Het sy loopbaan in die vermaakbedryf dan nou so platgeval dat hy in 'n slaghuis moet werk om die pot aan die kook te hou?

5 As daar een mens is wat niks beïndruk was met dié skinderstories nie, was dit Shorty. "Verkeerde afleidings is gemaak," sê Alfred (53).

6 "Mense dink ek is op my laaste, maar die teenoorgestelde is die waarheid. Ek is g'n platsak nie, ek floreer," sê hy. Hy werk net deesdae as ambassadeur vir die slagter in die video, verduidelik hy. "Ek help hulle met bemarking." Die bespiegeling oor Shorty se lot het hulle laat besluit om dit vir bemarking te gebruik. Ten minste praat almal nou oor die slaghuis en dis mos wat hulle wou hê.

Downloaded from Stanmorephysics.com



7 “Ek maak ’n grappie met die grootbase en sê ek dink dis tyd dat ek my eie slaghuis moet hê. Dink net hoe baie voete sal ek lok.” Hy kraai van die lag. “My lag is my roeping, maar dis net een deel van my.” Sy vriendskap met Leon sal ook altyd sterk wees, maar die tyd het aangebreek om ook ander geleenthede aan te gryp.

8 Sy aandag is kort-kort by sy foon toe ons gesels, by ’n spa in Randburg, waar hy ’n handelsnaam ambassadeur is. Terwyl Alfred saam met ons kuier, laat staan hy sy foon eenkant en stroom hy sy woorde regstreeks vir sy volgelinge op TikTok.

9 Alfred vat ons terug na toe hy ’n jong seun vanaf van die Oos-Rand was. “Jô, ek was stout,” sê hy en lag. “Ek was mal daaroor om mense te terg en skoor te soek. In die aande sou ek snaakse spookgeluide maak wat mense die skrik op die lyf gejaag het. Sommiges het gedink dis ’n spook wat hulle teister. Dit was alles onskuldige pret.”

10 Hy het in sy jong dae al geweet ’n lewe as akteur was vir hom bestem. In 1990 toe hy 18 jaar oud was, het hy sy groot kans gekry in Leon se rolprent, *Oh Shucks ... !* Aanvanklik was Leon huiwerig oor die rolverdeling. Eers toe hy Alfred se spontane lag op ’n oudisie hoor, het die grapkoning geweet hy het die regte man vir die rol gevind.

11 “Leon is ’n pa-figuur vir my,” sê Alfred. “Ons is kollegas en vriende en ons sal altyd ’n sterk band hê. Ek’s dankbaar vir die deure wat hy vir my in my loopbaan oopgemaak het.” Hy’s ook nie net ’n komediant nie. Verlede jaar het hy die hare op kykers se koppe orent laat staan toe hy die gewetenlose misdaadbaas *Hush Puppy* in die Netflix-dramareeks *Mabaso Family Reunion: The Funeral* gespeel het.

12 “Ek glo ek kan enige rol speel. Komedie, drama, aksie.” Hy het sy goue jare betree en dit sterk oorweeg om as akteur af te tree. “Dit was ’n moeilike tyd. Die rolle en geleenthede het nie gekom nie. Vanweë my konneksie met Shorty het ander produksiemaatskappye nie na my gekyk nie, hulle het gedink komedie was al wat ek kon doen. Maar daar steek meer in my.” Asgar Mahomed het Alfred gehelp om meer rolle en geleenthede in te katrol, in die korporatiewe en bemarkingswêreld.

13 Wanneer hy nie voor die kameras is of sy aanhangers op sosiale media vermaak nie, is hy ’n gesinsman. “Ek dink nie jy moet my meer Shorty of Alfred noem nie. Eerder Oom Alfred of nog beter Oupa Alfred,” terg hy. Om ’n oupa vir sy twee kleinkinders te wees, gee hom ook baie sin in die lewe. “Daar is niks so belangrik in die lewe soos familie nie,” sê Alfred. “Ek het geleer jy moet jou gesin koester!”

Downloaded from Stanmorephysics.com


Daar is nog baie energie en woema in Alfred, dus kyk hy ons snaaks aan toe ons hom vra hoe hy eendag onthou wil word. Maar Alfred bevestig hy wil graag vir sy lag onthou word en hoe hy vreugde, vermaak en troos vir ander gebring het. Maar bo alles wil hy onthou word vir hoe hy mense laat lag het.

**[Verwerk uit *Huisgenoot* op 31 Julie 2025]**

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Wat is Alfred Ntombela se bynaam? (1)

1.2 Watter werk doen Alfred volgens paragraaf 2? (1)

1.3 Hoe voel die kliënte wat Alfred by die slaghuis help? Haal TWEE AGTEREENVOLGENDE woorde uit paragraaf 2 aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.4 Hy is platsak en verplig om by ’n slaghuis te gaan raap en skraap.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.5 Watter rol vertolk Alfred by die slaghuis? (1)

1.6 Verduidelik wat bedoel word met reël 16: “Mense dink ek is op my laaste.”

Verwys in jou antwoord na Alfred se lewe. (2)

1.7 Hoe hou Alfred sy aanhangers op sosiale media gelukkig? (1)

1.8 Volgens paragraaf 9 is daar twee goed waarvan Alfred hou om te doen. Noem die TWEE dinge. (2)

1.9 “Sommiges het gedink dis ’n spook wat hulle teister.” (Reël 33)

1.9.1 Word hierdie woorde LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.9.1. (1)

1.10 Hoe oud was Alfred toe hy die eerste keer in een van Leon Schuster se films gespeel het? (1)

1.11 Waarom kan ons sê dat Leon ’n pa-figuur vir Alfred is? (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com



1.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.12) neer, bv. 1.12 E.

ŉ Produksiemaatskappy is ŉ maatskappy wat ... vervaardig.

A slegs films
B slegs musiek
C slegs dramaproduksies
D enige produksie (1)

1.13 Skryf in jou eie woorde wat Alfred bedoel met “Dit was ŉ moeilike tyd. Die rolle en geleenthede het nie gekom nie.” (Paragraaf 12) (1)

1.14 Nadat jy gelees het dat Alfred in *Oh Schucks ...!* die film gespeel het, dink jy, jy wil graag ŉ produksie van Alfred kyk? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.15 Skryf VIER OPEENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 12 neer wat aandui dat Alfred enige geleentheid sal aangryp wat na sy kant toe kom. (1)

1.16 Stem jy saam dat Alfred ŉ goeie rolmodel vir jongmense is? Motiveer jou antwoord. (1)

1.17 Indien Alfred doodgaan, waarvoor sal hy graag onthou wil word? Noem TWEE dinge. (2)

1.18 Volgens paragraaf 12 kan Alfred enige rol speel, komedie, drama en aksie.

Stem jy saam met hierdie stelling dat Alfred ook ernstig kan wees? Motiveer jou antwoord. (1)

1.19 Watter les kan jy by Alfred leer volgens paragraaf 13 en 14? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com



**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: *https://www.Ideesvolvrees.com/Kobus.Galloway*]**

1.20 Watter aktiwiteit word in die spotprent uitgebeeld? (1)

1.21 Wat is die spotprenttekenaar se naam? (1)

1.22 Verduidelik hoekom jy sou kon sê dat dit gevaarlik in Gauteng is. (1)

1.23 Waaruit kan ons aflei dat die seun, met die grafie in die hand, bang is dat die son sy lyf sal brand? (1)

1.24 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Beide kinders bly by die see. (1)

1.25 Op watter ANDER manier, dink jy kan die seun aan die linkerkant sy woonplek beveilig? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

Jy moet probeer om geld te bespaar.

**INSTRUKSIES:**

1. Som die SEWE **WENKE VIR WANNEER JY WINKEL TOE GAAN** in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die **wenke** puntsgewys neer.
3. Nommer die **feite** van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**WENKE VIR WANNEER JY WINKEL TOE GAAN**

1 Sowat 65% van die items wat ons in ons trollies pak wanneer ons saam met ons gesin inkopies doen, is onbeplan of eintlik onnodig. Los jou maat en kinders tuis wanneer jy kruideniersware gaan koop.

2 Neem met jou foon 'n foto van die inhoud van jou yskas en koskas voor jy winkels toe gaan. Op dié manier sal jy presies weet wat jy het en wat jy benodig, sodat jy minder geneig sal wees om iets te vergeet.

3 Gaan maak 'n draai by die OTM en trek kontant vir jou inkopies eerder as om jou bankkaart te gebruik. Wanneer ons met kontant betaal, gee ons nie so maklik geld uit soos wanneer ons met die kaart betaal nie.

4 Supermarkte plaas die items wat hulle wil hê jy moet koop op oogvlak. Die duurder produkte word op oogvlak gepak. Maak dus seker jy kyk op en af wanneer jy inkopies doen.

5 Talle winkels speel stadige musiek, wat jou meer tyd in die winkel laat spandeer. Dra oorfone met opgewekte musiek om vinnig in en uit die winkel te beweeg en geld te spaar.

6 Winkeltrollies word ingespan om kliënte meer kruideniersware te laat koop en dit flous mense beslis om meer te koop. Hoe groter die trollie, hoe gemakliker voel ons om dit vol te maak.

7 Koop 'n heel hoender eerder as porsies, dis goedkoper per kilogram en jy kan meer daarmee doen. Jy kan byvoorbeeld die bene gebruik om sop of aftreksel te kook.

**[Verwerk uit Raad, *Huisgenoot* Lente/Somer 2024]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**



Downloaded from Stanmorephysics.com


3.1 Gebruik enige advertensietegniek om die onderstaande sin meer trefkrag te gee.

Jy word uitgenooi. (1)

3.2 Waarom is die gebruik van die prentjie van die pot effektief as jy na die doel van die advertensie kyk? (1)

3.3 3.3.1 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

3.3.2 Watter groep mense, dink jy, word hierdeur uitgesluit? (1)

3.4 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die vetgedrukte afkorting.

**Maks.** 4 per span. (1)

3.5 Toegang vir kinders wat 13 jaar oud is, is gratis.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.6 Hoe laat begin die boeresport? Skryf jou antwoord in woorde uit. (1)

3.7 Hoekom is die bierglase effektief as jy na die woord "Kontantkroeg" kyk? (1)

3.8 Verskaf die kontakbesonderhede op die advertensie. (1)

3.9 Watter inligting vertel vir die leser wanneer die geadverteerde gebeure plaasvind? (1)

**[10]**

Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com



**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die strokiesprent verwys na die nommer van die RAAMPIE wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**

**MEESTER EN NEELSIE** **DANIE CRONJE**




**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**

**[Bron: *Google*, Desember 2025]**

4.1 Motiveer waarom die volgende stelling WAAR is.

Raampie 1 beeld 'n tipiese toneel in 'n klaskamer uit. (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 1.

4.2.1 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Dit is (respekvol/disrespekvol) van Meneer om sy vinger teen Neelsie se neus te druk. (1)

4.2.2 Hoe kan jy uit Meester se gesigsuitdrukkings aflei dat hy baie kwaad is? Noem TWEE visuele tekens. (2)

4.3 Kyk na RAAMPIE 2

Hoe kan die leser sien dat Meester baie hard praat? Noem TWEE bewyse. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.4 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Neelsie sê: "Ek verstaan nie."

Begin so: Neelsie sê **dat** … (2)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

Die KORREKTE AFRIKAANS vir Meneer raak al hoe "warmer" is, Meneer is …

A ontspanne.
B geïrriteerd.
C geduldig.
D kalm. (1)

4.6 Wat is die moontlike rede dat Neelsie BUITE die klas staan? (1)
**[10]**



Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom in die teks voor.

**TEKS F: ARTIKEL**

5.1 Lees die artikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

**WEES VRIENDELIK**



Wat beteken (5.1.1) vriendelikheid vir jou? Is dit 'n (5.1.2) glimlag wanneer jy verby iemand stap? (5.1.3) Die uitdrukking sê: Vriendelikheid kos … nie (5.1.4). Die persoon kon meer vriendelik wees. Dalk kan ons almal (5.1.5) (vriendelik) wees. Wanneer ander met ons vriendelik is dan voel ons (5.1.6) (vaal) dag sommer baie beter. Vriendelikheid is soveel meer as (5.1.7) (net 'n glimlag vir iemand gee). Dit beteken dat jy iets goeds (5.1.8) (vir/met/oor) iemand anders doen. Dit is meer as om net verby iemand in (5.1.9) nood te loop en net vriendelik met hom te wees. Jy moet stop en die man in (5.1.10) … nood help. Goedheid is nie net 'n emosie wat ons beleef nie. Dit is aksie. Om goed te doen aan ander is nie altyd (5.1.11) moeilik nie. Dit vra van ons om pyn raak te sien. (5.1.12) Ons stap net verby. Dit vra van ons om ons tyd te gee en ons (5.1.13) hand vuil te maak. Dit vra van ons om ons geld en middele met ander te deel. Hoe gaan jy vandag (5.1.14) (*compassion)* aan ander bewys?

**[Verwerk uit *https://gkrietvallei.co.za/Ons lewe deur die Gees [5] Vriendelikheid* op 19 Mei 2021]**

5.1.1 Verdeel die onderstreepte woord korrek in LETTERGREPE.

Wat beteken <u>vriendelikheid</u> vir jou? (1)

5.1.2 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Is dit 'n (glimlag) wanneer jy verby iemand stap? (1)

5.1.3 Vul die ONTBREKENDE woord in om die uitdrukking korrek te voltooi.

Vriendelikheid kos … nie. (1)

5.1.4 Verander die stelsin in 'n vraag.

Die persoon kon meer vriendelik wees. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.1.5 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Dalk kan ons almal (vriendelik) wees. (1)

5.1.6 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Ons (vaal) dag voel sommer baie beter. (1)

5.1.7 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

Vriendelikheid is soveel meer as (net ŉ glimlag vir iemand gee). (1)

5.1.8 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.

Dit beteken dat jy iets goeds (vir/met/oor) iemand anders doen. (1)

5.1.9 Gebruik die HOMOFOON van die woord "**nood**" in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.1.10 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD om die sin te voltooi.

Jy moet stop en die man in (sy/hom) nood help. (1)

5.1.11 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Om goed te doen is nie altyd (moeilik) nie. (1)

5.1.12 Skryf die sin oor in die NEGATIEWE VORM.

Ons stap net verby. (1)

5.1.13 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Dit vra van ons om ons tyd te gee en ons (hand) vuil te maak. (1)

5.1.14 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Hoe gaan jy vandag (*compassion*) aan ander bewys? (1)

GAUTENG PROVINCE

Downloaded from Stanmorephysics.com


**TEKS G: PRENT**

5.2 Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.




[Bron: *Google images*]

5.2.1 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Internasionale (vriendskap + dag) word op 30 Julie gevier. (1)

5.2.2 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Die (heg) band tussen vriende word gevier. (1)

5.2.3 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Vriende deel 'n kosbare konneksie. (1)

5.2.4 Skryf die AFKORTING uit in woorde.

(A.g.v.) vriende se liefde ... (1)

5.2.5 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in 'n sin sodat die betekenis duidelik is.

Vriende help mekaar om (weer) op te staan as hulle geval het. (1)

5.2.6 Voltooi die VERGELYKING.

'n Goeie vriendskap is so soet soos … (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**

Downloaded from Stanmorephysics.com

GAUTENG PROVINCE

# JUNIE-EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2026

# NASIENRIGLYNE




## AFRIKAANS
## EERSTE ADDISIONELE TAAL

## (VRAESTEL 1)

**13 bladsye**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. Penalisering geskied slegs as dit die woordbetekenis verander.
- Indien die leerder woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir: JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE, nie. Die motivering/rede verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die motivering/rede verdien die punt.
- Vir antwoorde wat aanhalings uit die leesstuk verg, word die aanhaling NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde/twee opeenvolgende woorde gevra word en die leerder gee ŉ volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord/woorde onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer vrae TWEE/DRIE feite vereis en die leerder gee ŉ hele reeks, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE feit(e) na.
- Indien ŉ antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DV |
|---|---|---|---|
| 1.1 | "Shorty"<br><br>(Aanhalingstekens is nie verpligtend nie) | (1) | 1 |
| 1.2 | • Hy verkoop vleis.<br>• Hy help kliënte om vleis in hulle trollies en mandjies te pak.<br>• Hy werk in die slaghuis.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| 1.3 | "tevrede kliënt"<br><br>(Aanhalingstekens is nie verpligtend nie) | (1) | 3 |
| 1.4 | • Hy verdien geld as bemarker en akteur (so hy is nie arm nie).<br>• Volgens hom floreer hy.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| 1.5 | * Hy is 'n ambassadeur vir die slagter/slaghuis. ✓<br>* Bemarker✓<br>(Enige een) | (1) | 1 |
| 1.6 | • Mense dink hy is oud. ✓<br>• Hy gaan amper dood. ✓<br>• Hy kan nie meer 'n akteur wees nie. ✓<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 2 |
| 1.7 | Hy maak regstreekse video's vir aanhangers.<br>Hy stroom op TikTok. | (1) | 3 |
| 1.8 | • Mense te terg. ✓<br>• Skoor te soek met mense. ✓ | (2) | 1 |
| 1.9.1 | Letterlik | (1) | 3 |
| 1.9.2 | • Alfred het mense geterg deur te maak of hy 'n spook was/ deur spookgeluide te maak en mense die skrik op die lyf te jaag.<br>(Interafhanklike vraag 1.9.1 moet korrek wees sodat 1.9.2 kan nagesien kan word.) | (1) | 3 |
| 1.10 | 18 jaar/agtien jaar<br><br>(Enige een.) | (1) | 1 |
| 1.11 | • Hulle werk saam. ✓<br>• Schuster het hom gehelp om sy loopbaan as akteur te begin. ✓<br>• Hy kyk op na hom. ✓<br>• Hulle het 'n sterk band. ✓ | (2) | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Want hulle loop 'n lang pad saam.<br>• Dat hy (Leon Schuster) 'n mentor is.<br><br>(Enige TWEE of soortgelyk) | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.12 | • D<br>• enige produksie<br>• D – enige produksie<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 1.13 | • Daar was nie baie werksgeleenthede nie./<br>• Daar was nie baie werk beskikbaar nie. | (1) | 3 |
| 1.14 | Ja<br>• Hy het my laat lag, want hy is ’n goeie akteur.<br>OF<br>Nee<br>• Ek hou nie van die produksies waarin hy speel nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk.) | (1) | 3 |
| 1.15. | “geleenthede in te katrol” (Aanhalingstekens nie verpligtend nie.) | (1) | 3 |
| 1.16 | Ja<br>• Hy maak altyd ’n plan om vir homself werk te skep.<br>• Hy is of ’n akteur of ’n bemarker of ’n ambasadeur.<br>• Hy is positief en oorkom sy probleme.<br>OF<br>Nee<br>• Hy dink alles is ’n grap.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| 1.17 | • Lag<br>• Vreugde<br>• Vermaak<br>• Om troos te bring.<br>• Hy is ‘n familieman.<br>(Enige TWEE) | (2) | 1 |
| 1.18 | Ja<br>• Indien jy in ’n aksiefilm/drama wil speel, is alles nie die hele tyd grappies nie.<br>Of<br>Nee<br>• Hy maak altyd grappies.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| 1.19 | • Die lewe hoef nie altyd ernstig te wees nie.<br>• Grappies maak dat mens lekker kan lag.<br>• Familie is belangrik.<br>• Jy moet jou gesin koester.<br>• Mense gaan onthou hoe jy hulle laat voel het.<br>• Hy doen alles altyd voluit.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| **TEKS B:** | **SPOTPRENT** | | |
|---|---|---|---|
| 1.20 | Bou van sandkastele.<br>Vakansie hou.<br>Kinders speel by die see.<br>Hulle bou huisies. | (1) | 3 |
| 1.21 | Kobus/Kobus Galloway | (1) | 1 |
| 1.22 | • Die leerder/kind/seun wat van Gauteng kom, se kasteel het tralies voor die vensters en deure./<br>• Daar is hoë heinings rondom die huis.<br>• Skerp punte bo-op die muur.<br>• Die huis het diewering.<br>• Kameras voor die vensters.<br>• Gevaarteken.<br>• Daar is drade en veiligheidhekke om die woning.<br><br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| 1.23 | Die seun het sonskerm/sonblok aan sy gesig en op sy lyf.<br><br>Daar is room op sy gesig. / wit strepe. / Sonbrandroom./SBF(sonbeskermingsfaktor)<br><br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 1.24 | • Hul huise verskil en die antwoord op die vraag wat gevra word dui daarop dat hul nie van dieselfde plek af kom nie.<br>• Veiligheid/sekuriteit is duidelik anders by die plekke waar hulle woon.<br>• Een seun sê hy woon in Gauteng.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| 1.25 | • 'n hond te kry.<br>• om 'n alarm te installeer.<br>• om 'n sekuriteitswag/wag/ADT te kry.<br>• Wal/sloot om sy sandkasteel bou/grou.<br>• 'n Muur/hek kan om sy huis gebou word.<br>(Enige EEN of soortgelyk)<br>Geen maniere wat in die regterkantse prent gebruik word, mag aan die linkerkant gebruik word nie. | (1) | 4 |
| | | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**OPSOMMING: KOGNITIEWE VLAKKE/DENKVLAKKE: VRAAG 1**

| | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **VRAESTEL** | 8 | 4 | 12 | 5 | 1 |
| | 12/30 ✓ | | 12/30 | 6/30 | |
| | 40% | | 40% | 20% | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: OPSOMMING**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**ALGEMEEN**

**Nasien van die opsomming**

Die punteverspreiding is as volg gedoen:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal: 10

- Toekenning van taalpunte indien leerders **nie woordeliks aangehaal het nie**.(Eie sinne is gebruik.)

  1 – 3 korrekte feite: 1 punt
  4 – 5 korrekte feite: 2 punte
  6 – 7 korrekte feite: 3 punte

- Toekenning van taalpunte as leerders **woordeliks aangehaal** het:

  6 – 7 korrekte aanhalings: geen punte
  4 – 5 korrekte aanhalings: 1 punt
  2 – 3 korrekte aanhalings: 2 punte
  * Indien daar net 1 feit korrek is, kry leerder 0 vir taal.

- Toegewing: Indien die leerder 6 of 7 korrekte feite het, maar 1 daarvan is ŉ direkte aanhaling, kry die leerder 6 of 7 punte vir 6 of 7 feite en 3 punte vir die taalgebruik.
- Indien die leerder net 1 direkte aanhaling het, verdien die leerder net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

**LET WEL:**

- Nasieners moet die aantal woorde tel om dit te verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nie die aantal woorde aangedui het nie, of verkeerd aangedui het
- Indien die aantal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasieners VYF woorde na die 70 woordgrens aanlees en nasien en die res doodtrek/ignoreer.
- Alle feite/aanhalings word eers nagesien voor daar na die taal gekyk word.

Downloaded from Stanmorephysics.com



**VRAAG 2**

**TEKS C: WENKE VIR WANNEER JY WINKEL TOE GAAN.** (250 woorde)

| **DIREKTE AANHALING** | **MOONTLIKE EIE WOORDE** (68 woorde) |
|---|---|
| Sowat 65% van die items wat ons in ons trollies pak, wanneer ons saam met ons gesin inkopies doen, is onbeplan of eintlik onnodig. **Los jou maat en kinders tuis wanneer jy kruideniersware gaan koop.** | 1 Gaan koop alleen kruideniersware.(4) / Moet nie iemand saam met jou vat nie. (8) |
| **Neem met jou foon 'n foto van die inhoud van jou yskas en koskas voor jy winkels toe gaan.** Op dié manier sal jy presies weet wat jy het en wat jy benodig, sodat jy minder geneig sal wees om iets te vergeet. | 2 Neem af wat in jou yskas en koskas is om te voorkom dat jy onnodige goed koop. (17) |
| **Gaan maak 'n draai by die OTM en trek kontant vir jou inkopies eerder as om jou bankkaart te gebruik.** Wanneer ons met kontant betaal, gee ons nie so maklik geld uit soos wanneer ons met die kaart betaal nie. | 3 Gebruik kontant wanneer jy inkopies doen. (6) Gebruik kontant.(2) |
| Supermarkte plaas die items wat hulle wil hê jy moet koop op die oogvlak. **Die duurder produkte word op die oogvlak gepak. Maak dus seker jy kyk op en af wanneer jy inkopies doen.** | 4 Daar kan goedkoper opsies bo of onder in die rak wees, daarom moet jy op en af kyk. (18) |
| Talle winkels speel stadige musiek, wat jou meer tyd in die winkel laat spandeer. **Dra oorfone met opgewekte musiek om vinnig in en uit die winkel te beweeg en geld te spaar.** | 5 Dra oorfone met opgewekte musiek om vinnig inkopies te doen. (10)/ Luister na opgewekte musiek op jou oorfone.(7) |
| **Winkeltrollies word ingespan om kliënte meer kruideniersware te laat koop en dit flous mense beslis om meer te koop.** Hoe groter die trollie, hoe gemakliker voel ons om dit vol te maak. | 6 Vermy dit om 'n winkeltrollie te gebruik vir inkopies. (9) Vermy groot winkeltrollies.(3) Gebruik 'n kleiner winkeltrollie.(4) |
| **Koop 'n heel hoender eerder as porsies, dis goedkoper per kilogram en jy kan meer daarmee doen.** Jy kan byvoorbeeld die bene gebruik om sop of aftreksel te kook. | 7 Jy moet 'n heel hoender koop. (6) |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: TAAL**
**NASIENRIGLYNE**

- Spelling
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur wat getoets word is.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**

| **VR** | **ASSESSERINGSRIGLYNE** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 3.1 | • **JY** word uitgenooi (Jy word uitgehef op een of ander manier).<br>• Jy word uitgenooi**!** (Uitroepteken)<br>• **JY WORD UITGENOOI** (Vetgedrukte letters/hoofletters/verskillende lettertipes)<br>• Jý (akuutteken)<br>• Jy word uitgenooi... (Beletselteken)<br>(Enige EEN) | (1) |
| 3.2 | • Die prent beklemtoon/sluit aan/versterk/wys dat 'n potjiekoskompetisie gehou word.<br>• Watter tipe kompetisie word gehou.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 3.3.1 | Mense/Gesinne/Families wat daarvan hou om potjiekos te maak/om dit te eet./Mense wat hou van boeresport/Boere | (1) |
| 3.3.2 | Mense wat …<br>• nie van potjiekos hou nie.<br>• nie van kinders hou nie.<br>• nie van boeresport/kontantkroeë hou nie.<br>• nie in potjies en die geadverteerde aktiwiteite belangstel nie.<br>• Alleenlopende persone.<br>• Mense wat nie 'n familie het nie. | (1) |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| | • Mense wat nie van spanwerk hou nie.<br>• Mense wat nie 'n potjie het nie.<br>• Ander kulture.<br>• Mense wat nie van die buitelug hou nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | |
| 3.4 | Maks (sp)/Maksimum (sp) maks/ maksimum (sp) | (1) |
| 3.5 | • Niemand het gratis toegang nie.<br>• Kinders wat jonger as 12 is, moet R50 betaal. | (1) |
| 3.6 | Vyftienhonderd uur/Drie-uur /**Drie uur. (sp)** | (1) |
| 3.7 | • Dit trek die leser se aandag.<br>• Dit maak die advertensie interessant.<br>• Dit wys vir die leser wat daar verkoop word.<br>• Die leser kan sien daar is drank beskikbaar by die funksie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 3.8 | 076 402 9054 | (1) |
| 3.9 | Die datum/(19 Oktober) | (1) |
| | | **[10]** |
| **VRAAG 4**<br>**TEKS E: STROKIESPRENT** | | |
| 4.1 | • Daar is 'n onderwyser/meneer en 'n kind/leerder/seun.<br>• Die onderwyser raas met die kind/seun/leerder.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 4.2.1 | disrespekvol | (1) |
| 4.2.2 | Meester ...<br>• frons ✓<br>• skree/se mond is groot oop/se tong is sigbaar. ✓<br>• Sy oë is groot oopgerek.✓<br>• Sy wenkbroue is opgelig/ na mekaar getrek. ✓<br>(Daar moet TWEE bewyse wees.) | (2) |
| 4.3. | • Meester se tong is sigbaar/al sy tande kan gesien word/sy mond is groot oop. ✓ | (2) |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| | • Die woord in die spraakborrel is in vetdruk/hoofletters/daar is 'n uitroepteken/die woord is groter as in die ander spraakborrels. ✓<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | |
| 4.4 | Neelsie sê dat **<u>hy nie</u>** verstaan **<u>nie.</u>**<br>(EEN punt vir die voornaamwoord en woordorde en EEN punt vir die korrekte punktuasie) | (2) |
| 4.5 | B/geïrriteerd. | (1) |
| 4.6 | Meester het hom uit die klas gejaag.<br>(Enige soortgelyke antwoord) | (1) |
| | | **[10]** |



Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 5** | | |
| **5.1** | **TEKS F: ARTIKEL** | |
| 5.1.1 | vrien – de – lik – heid **of** vrien/de/lik/heid **of** vrien de lik heid (sp) | (1) |
| 5.1.2 | glimlag**gie** (sp) | (1) |
| 5.1.3 | **niks (sp)** | (1) |
| 5.1.4 | **Kon** die persoon meer vriendelik wees**?** | (1) |
| 5.1.5 | vriendelik**er (sp)** | (1) |
| 5.1.6 | As**vaal/muisvaal(sp)** | (1) |
| 5.1.7 | **om** net 'n glimlag vir iemand **te** gee. | (1) |
| 5.1.8 | vir | (1) |
| 5.1.9 | Ek het 'n R10-noot. (geld) /<br>Sing die C-noot van die lied. (musiek)<br>(Enige soortgelyke antwoord) | (1) |
| 5.1.10 | sy **(sp)** | (1) |
| 5.1.11 | maklik **(sp)** | (1) |
| 5.1.12 | Ons stap **nie** net verby **nie**. | (1) |
| 5.1.13 | hand**e (sp)** | (1) |
| 5.1.14 | goedheid/deernis/meelewing (sp) /simpatie/empatie/meegevoel/<br>barmhartigheid/deegsaamheid /omgee | (1) |
| **5.2** | **TEKS G: PRENT** | |
| 5.2.1 | vriendskap**s**dag (sp) | (1) |
| 5.2.2 | heg**te (sp)** | (1) |
| 5.2.3 | Vriende **het** 'n kosbare konneksie **ge**deel. | (1) |
| 5.2.4 | As gevolg van /as gevolg van(sp) | (1) |
| 5.2.5 | Die **weer** is onvoorspelbaar.<br>Sy gebruik 'n trui om haar teen die koue te **weer**.<br>Weer die ramp van ons.(belet)<br>Jy moet jou weer.(verdedig)<br>(Enige soortgelyke antwoord) | (1) |
| 5.2.6 | heuning/suiker/stroop (sp)<br>(Enige EEN) | (1) |
| | | **[20]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com



| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **TOTAAL:** | **80** |

